Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek

Borgward Club of South Africa, Southern Region

November 2025

# Borgward Nuus / News

## Voorwoord

Hierdie is alweer ons laaste uitgawe van Borgward nuus vir 2025 met volledige terugvoering oor 'n baie besige afgelope kwartaal. Ons motors het weereens uitgeblink by verskeie uitstallings, toere en tydens matriekafskeid funksies.

Killarney was, soos gewoonlik, 'n spesiale geleentheid. Ek het die voorreg gehad om saam met die voorsitter van die reëlingskomitee op sy gholfkarretjie deur die terrein te ry. Die 11 000 kaartjies wat die organiseerders vooraf beskikbaar gestel het vir aanlyn besprekings was alles uitverkoop. Kaartjies was wel nog by die ingangshekke beskikbaar. As mens die aantal uitstallers, stalletjies personeel, werkers, ens bywerk was daar seker ten minste 14 000 mense. Dit was 'n miernes!

Ons is besorg oor ons getroue lede wat onder mediese sorg is en op die krukkelys is en ons mis julle by ons byeenkomste. Mag julle spoedig en volkome herstel.

Ek wil aansluit by Herman se skrywe oor Carl Borgward en ons lede herinner aan die hoofdoel van ons klub, naamlik om Borgward se nalatenskap te laat voortleef. Ons het dit op skrif gestel met ons klub se 25 ste verjaarsdag in 1986, wat onderteken is deur die voorstitters van Borgward klubs regoor die wêreld. Ons plaas dit elders in hierdie uitgawe vir hernude kennisname. (Sien bl. 8)

Dankie Kees en Magda en almal wat bygedra het met stories en artikels uit vervloë dae vir hierdie pragtige uitgawe.

Ons skop volgende jaar ons aktiwiteite weer af met ons gebruiklike pizza aand. Besonderhede sal per whatsapp later deurgegee word.

'n Baie geseënde Kersfees en voorspoed vir die nuwe jaar wat voorlê.

Louis

***INDEKS/INDEX:***


| | |
|---|---|
| *Voorwoord* | *1* |
| *Kersboodskap* | *2* |
| *Hopefield* | *3* |
| *Borgward slaag matriek* | *4* |
| *Borgward on sonder nonsens vreetsaam toer* | *5* |
| *Braai by Klubhuis* | *6&7* |
| *Meelewing & Ons belofte* | *8* |
| *Killarney Motorskou* | *9* |
| *10 Nov 1890* | *10* |
| *Borgward Suid Kaap Toer* | *11 - 16* |
| *Ligte humor oomblikke* | *17 & 18* |
| *Lloyd Motorenjins* | *19* |
| *Om oor na te dink & Uit die oog uit die hart....??* | *20* |

**<u>Kersboodskap saamgestel uit Kersliedere</u>**

**Kersfees kom, Kersfees kom!!**

Weer dink ons aan die saalge nag:
die herders en die sterre prag,
die engelwoord wat blykskap bring,
die eng'leskaar wat juigend sing.
O Seun van God, die mens gelyk,
vir wie daal u op aarde neer?
vir sondaars daal die Hemelheer,
vir arme sondaars daal U neer!
U maak ons van die sonde vry,
daarom aanbid en juig ons bly!

Aan U alle eer! Aan u alle dank!
Hoe nuut is die lied! Hoe heerlik sy klank!
O Vader, al die lof en eer
en dank wil ons U bring;
van al u vrede, liefde, guns
sal ons vir ewig sing!
Vervul in welbehae
ons harte met u Gees;
skenk ons in hierdie dae
'n ware Christus fees.

Skenk ons 'n helder somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Met hierdie woorde wens ons al ons lede 'n baie Geseënde Kersfees toe saam met familie en vriende. Ons wens ook al ons lede 'n baie Voorspoedige Nuwe Jaar toe. Mag dit 'n jaar van goeie gesondheid word, vol vreugde en Borgward aktiwiteite. Mag ons elke dag 'n stukkie van die Kersvreugde ervaar.

Kees Beekman



**Hopefield, hier kom ons!**

Op Saterdag 30 Augustus het ons met 7 Borgwards toegesak op Hopefield, die oudste dorp aan die Kaapse Weskus, in die hart van die Sandveld. Hopefield is in 1852 gestig op die plaas Langekuil, en het in 1914 'n munisipaliteit geword. Die dorp is vernoem na 2 mense wat die dorp uitgelê het, nl. Majoor William Hope en 'n Mnr. Field. Wat was die trekpleister wat ons laat besluit het om daarheen te gaan? Ons het op die Mercedes Benz se whats-app groep te hore gekom van die jaarlikse fynbos uitstalling wat van 28 tot 31 Augustus gehou word, en dat klassieke motors en klubs welkom is om op Saterdag 30 Augustus hulle karre te kom uitstal.



Ons het 9 uur met 5 Borgwards vertrek vanaf Engen 1 Stop op die N7, en nà die Hopefield afrit 'n endjie verby Malmesbury, het Deon en Lizbe, en Dolf – hulle met nog 2 Borgwards by ons aangesluit. Na 'n lekker rit van ongeveer 120 km in totaal was ons rondom 10 h 30 by Route 45 Classics in Hopefield, net betyds vir 'n koppie koffie met 'n stukkie koek. Vandaar het al die klassieke karre 'n spogdraai deur die dorp gery op pad na die sportgronde, waar al die karre geparkeer is vir die uitstalling. Danksy Danie Tredoux se seun Tinus het al 7 Borgwards langs mekaar gestaan en 'n mooi "statement" gemaak. Borgward was die fabrikaat wat die meeste karre op die uitstalling gehad het!






Soos gewoonlik by so 'n fees, gaan ons almal ons eie koers en doen sy eie ding – belangstellings verskil. Ons het eers al die karre bekyk en geniet dit altyd om ou "vriende" weer te sien – daar was omtrent 70 baie mooi "classics" van alle fabrikate. Daarna is ons na die saal met die fynbos uitstallings. Dit was iets besonders om te sien hoe kunstig die lewensgetroue veldtonele uitgelê is. Ek het met 'n Mnr. Kotze gepraat wat met die fynbos uitstalling gemoeid is. Hy sê die skou is al vanaf 1991 'n jaarlikse instelling, en dat almal wat dit nou doen se ouers daarmee begin het. Die meer as 200 soorte fynbos kom vanaf 'n straal van 30 km. rondom Hopefield en verteenwoordig 4 biodiversiteite, nl. Renosterveld, Sandveld, Rietveld en vleilande. Die kleiner plante word nà die skou weer herplant terwyl die groter takke weggegooi word. Hulle gebruik 5 vragte grond, en dit neem 5 dae om alles te bou.







Na al die dapper en stapper tussen die ou karre en die fynbos uitstallings, het die hongerpyne begin knaag en kies ons koers na die vleispotte. Daar was o.a. afval, maar omdat ons nie afvallig is nie, kies ons toe waterblommetjie bredie, en was dit nou lekker!! Ons het die ete afgerond met malva poeding met vla, en 'n koppie koffie. Nadat ons nog 'n paar stalletjies "beloer" het, het ons weer by die res van die groep aangesluit wat onder die tent gekuier het. Na ons nog 'n rukkie lekker saam gekuier het, is ons net na 3 terug na ons karre toe om die pad huistoe weer met die 7 Borgwards te versier.



Kees Beekman

**<u>Borgward slaag matriek elke jaar!</u>**

Ja-nee, daar gaan nie ‘n jaar verby dat ons Borgwards nie deur matriekulante gekies word om hul matriekafskeid op te helder nie. Na meer as 30 jaar dat ek dit al doen, het ek al begin om die kinders wie ek gery het, se kinders te ry. Op die Borgward w/app groep is dit weer opvallend by hoeveel matriekafskeide Borgwards weer hierdie jaar betrokke was. Dit is natuurlik te verstane waarom die kinders die Borgward kies – sy mooi lyne val op, en hulle kan amper seker wees niemand anders gaan met ‘n Borgward opdaag nie. Die paartjie komplimenteer die kar, en die kar komplimenteer die paartjie. En vir die chauffeur is dit altyd lekker om die skare se waardering vir die kar te sien.

Kees Beekman












<u>Borgward on Sonder Nonsens Vreetsaam Toer</u>




This year the Vreetsaam Toer (as it is commonly known as) took place in the Karoo from 6th to 12th October, with 2 Borgwards belonging to Johan and Amanda Bruce, and John and Liz McEwan, joining in.




***Borgward proudly showing the Sonder Nonsens Vreetsaam Toer name plate***

The Vreetsaam Toer started in Arniston, with overnight stops in Oudtshoorn, Graaff-Reinet, Beaufort West and Prince Albert, where we held our usual themed dress up party. This year the theme was Great Gatsby with everyone dressing up in the 1920s style, making it a most enjoyable evening and a fitting end to a most enjoyable tour.

Fortunately, the Borgwards drove the whole distance without any major problems and again demonstrated the reliability of these cars, with many comments from the people along the way such as “my Pa het so n kar gery” of “ek het so n kar gery en ek moes hom nooit verkoop het nie”



***Liz, Leonard and Lilibeth (on right) dressed for the Gatsby Evening***





***Borgward in Tredoux Pass with Italian Company***

Thank you to Leonard Snyder and Jan Potgieter for organizing another great tour.

John Mc Ewan

**Braai by die klubhuis - 5/10/25**

Op 5 Oktober was ons almal genooi om saam as klublede te braai by die klubhuis. Behalwe vir die braaivleis, slaaie en braai toebehore moes ons ook speelgoed uit ons kinderdae saamneem. Aangesien baie van ons al verby ons kinderdae is, was die speelgoed maar aan die min kant.

Nadat die tafels en stoele uitgesit en al die eetgerei en slaaie uitgepak was, het die speelgoed aan die beurt gekom. Pierre, Maria en Kees was al wie nog speelgoed het waarmee hulle as kinders gespeel het. Die manne het solank die vure gaan aansteek en solank die vure brand het ons na al die stories luister.



Pierre het 'n boot gebring. Dit is 'n getroue replika van sy pa se boot waarmee hy gaan visvang het. Hulle het op Laaiplek gewoon waar die Bergrivier in die see vloei. Sy pa se boot se naam was ook Bergrivier. Hy het vertel hoe hy die boot gebou het en hoe hulle op die Bergrivier met die boot gespeel het. Daar was toue aan die boot vas en hy het mooi verduidelik hoe hulle die toue moes trek om die boot van die kant van die rivier af te beheer. Soms het dinge nie so goed uitgewerk nie en het die boot omgeslaan en gesink. Dan moes hy maar in die rivier spring en swem om die boot te gaan red.

Maria het haar gunsteling pop gebring. Die pop het 'n pragtige gehekelde rokkie aan. Sy kan nie onthou wie die rokkie gehekel het nie. Sy het ook, uit blik gemaak, 'n tafel met vier stoeltjies gebring. Nog in 'n baie mooi toestand. Die pop en die tafel met stoeltjies het haar ouers vir haar met verjaardae gegee. Dan het sy ook 'n klein voëltjie asook 'n ballerina vroutjie daar gehad. Beide die voëltjie en ballerina kon opgewen word. Die voëltjie kan nog opwen en dan pik, pik hy. Die vroutjie wou nie meer dans nie. Sy het ook 'n blikkie vol "charms" daar gehad. Dit is klein figuurtjies, veral figuurtjies uit Walt Disney stories. Dit was meestal verkrygbaar uit "lucky packets". Al die figuurtjies het 'n openinkie iewers gehad. Jy kon hulle dus aan 'n gare draad ryg en om jou nek hang. Sy vertel dat sy en haar maats gereeld op die sypaadjie gesit en met hulle charms gespeel het. Amper 'n speletjie soos albaster, maar sy kan nie meer regtig onthou nie.



Kees het 'n bus, passasiersboot en 'n "dinky toy" karretjie gebring. Alles was geskenke van sy ouers op verjaardae. Die bus het hy gekry toe hulle nog in Aucklandpark, Johannesburg gewoon het. Toe trek hulle na Horison, 'n voorstad van Roodepoort, en moes hulle met 'n bus skooltoe ry in Ontdekkers. Die Roodepoort munisipaliteit het busse gehad om mense te vervoer. Die busse het nommers gehad, maar elke bus het anders gelyk en 'n unieke dreuning gehad as hul in die straat verbyry. Omdat hy die speelgoedbus gehad het, het die busse hom baie gefassineer. Later kon hy elke bus se dreuning identifiseer en het geweet watter nommer bus nou naby hul huis verbygery het. Van die huis af kon jy die busse nie sien nie, maar wel hoor. In die aande na ete het hy in die sitkamer met

sy bus gespeel en elke aand het hy 'n ander bus se geluid gemaak. Met die boot het hulle maar in dammetjies of waterstrome gespeel as hulle op uitstappies gegaan het. Toe die boot op so 'n uitstappie begin water inneem en 'n Titanic word,het hy nooit weer in water met die boot gespeel nie. Hy het 'n Zephyr "dinky toy" karretjie ook gebring. Sy broers het ook dinky toy karretjies gehad. Hulle het 'n plank skuins teen 'n stoel laat staan en dan het elkeen sy gunsteling karretjies teen die skuins plank laat afjaag. Eers is die wieletjies met naaimasjienolie geolie. Die een wie se karretjie die verste gery het, was die kampioen.

Louis het op 'n plaas in Boesmanland grootgeword. Hy vertel dat hy en sy broer maar moes planne maak om hulself besig te hou. Hulle het mekaar baie op die kruiwa rondgestoot. Hulle het ook 'n donkiekarretjie gehad waarmee hulle baie gespeel het. Sy oudste suster het gewoonlik bo-op die karretjie gesit. Sy broer het voor getrek en hy het agter gestoot. Dan hardloop hulle met die karretjie op die plaas rond en bo-oor klippe en sy moes klou om bo te bly. Na een van die rowwe episodes het sy toe sy broer gevang en sy mond vol klippe gestop. Dit was hulle begeerte om te kyk of hulle die karretjie so kan draai dat hy omval. Hulle jaag toe en draai met die binnewiel oor 'n groot klip en die karretjie val om. Hulle pa was bitter omgekrap. Hy het tweelingsussies wat baie jonger as hulle is. Sy pa het toe 'n dubbel stootkar vir die tweeling gekoop. Hy was swart met groot fiets tipe wiele en het lekker geveer oor die klippe. Hulle moes die tweeling baie in die stootkar op die werf rondstoot en soos met die donkiekarretjie het die tweeling ook maar rof grootgeword.

Ek self het ook op 'n plaas naby Montagu grootgeword. Ek is die jongste van drie kinders. My suster is tien jaar ouer as ek. Ek was maar so vier jaar oud toe sy al op die dorp in die koshuis moes tuisgaan. My broer was ook vier jaar voor my op skool. Ek het dus maar alleen grootgeword. My speelmaats was maar die diere op die werf. Daar was altyd so drie koeie, 'n paar skape en 'n paar varke. Ek het altyd die klein kalfies melk gegee en het baie graag met die klein varkies gespeel. As mamma vark met die kleintjies op die werf kom wandel was dit groot pret. Dan kielie ek eerste die ma en daar val sy om en lê op haar sy. Dan kielie ek gou al die kleintjies ook onder hul magies en daar lê hul almal. Sodra een opvlieg dan kielie ek weer en val hy weer om. Dit was nogal 'n storie om almal op die grond te hou. My pa het vir my 'n swaai aan 'n tak van 'n groot bloekomboom wat op die werf gestaan het, gemaak. Ek het letterlik ure op daardie swaai deurgebring. Vanaf standerd 3 was dit my werk om elke middag die koeie te gaan haal waar hul ookal op die plaas gewei het. Ek moes hulle kraal toe bring en dan gaan melk. Daarvoor het my pa my elke week 'n tiekie gegee.

Daar was nie ander lede wat nog stories wou vertel nie. Die manne is toe uit om die vleis te gaan braai. Tussen ons klomp dames het daar nog vele stories rondom ons kinderdae uitgekom. Louis sê die manne het ook nog lekker gesels oor hul kinderdae solank die vleis gaar geword het.

Pierre en Maria het vir Lorna Marais, 'n ou vriendin van ons klub, saamgenooi na die braai. Sy en haar oorlede man was jare gelede ook by die klub betrokke. Eddie Cornellison was ook daar. Terwyl ons geëet het, het hy ons so bietjie van sy geskiedenis vertel. Dolf Tredoux en sy twee dames was daar en Piet Kotze het vir Hector en Ria saamgebring. Weens Hector se siekte was hulle baie lanklaas by 'n byeenkoms en dit was lekker om hulle weer te sien. Ronnie Stain het net kom groet en kon nie saam braai nie.

Slaaie is oor en weer uitgedeel. Die vleis was perfek gaar. Na 'n lekker ete en 'n baie aangename saam kuier het almal huiswaarts gekeer.

Dankie vir al die draaie wat ons weer in ons kinderdae kon gaan maak.

Borgward groete

Rina

# Meelewing

Die bykans 3 maande sedert ons vorige nuusbrief was vir 'n klompie van ons lede 'n tydperk van beproewing met hulle gesondheid. Ons is dankbaar vir enige beterskap, maar vir sommige is daar nog 'n tyd van herstel wat voorlê. Ons dink aan hulle in ons gebede en bid vir krag, geduld en beterskap.

1. Evert Veenstra se velkankeroperasie op sy gesig het baie goed herstel. Einde Oktober het hy ons groot laat skrik toe hy 'n hartaanval gehad het. Na 4 dae in die harteenheid, waartydens hulle 2 stents in 'n verstopte aar ingesit het, is die pyn in die nek en skouer ook weg. Hy het tans ontstettend pyn in die een been, waarvoor hy op 26 Nov. 'n afspraak het.
2. Robert Schepel het sy heupvervanging gehad. Hy beweeg met 2 krukke, en dit is vir hom baie moeilik om nie te kan ry en werk nie. Gelukkig kan hy met Mary saamry werk toe, al sit hy dan net agter die lessenaar. Hy behoort teen die tyd dat die nuusbrief verskyn meer mobiel te wees. Mary gaan op 20 November vir haar eerste lensvervanging, en kort daarna die tweede een. Sterkte Mary! Ons hoop jy kan binnekort saam met Johnny Nash sing: "I can see cleary now."
3. Doepie is ook deur 'n moeilike tyd, en die einde is nog nie in sig. Na 'n klompie maande van baie pyn waar hy met krukke oor die weg moes kom, is hy op 13 Oktober in die hospitaal opgeneem, en na baie toetse is hy op 28 Oktober aan sy rug geopereer vir die probleem met sy voete. Hy is ongeveer 7 November ontslaan en moet nou baie fisioterapie en oefeninge doen om sy bene weer sterk te kry, sodat hy op 29 Januarie vir sy eerste van twee knievervangings kan gaan.
4. Herman Engelbrecht het op 2 julie geval en het baie ernstig seergekry. Hy het sy been gebreek, is geopereer en was lank in 'n rehabilitasiesentrum. Toe hy uiteindelik weer tuis is, moes hy verder aansterk met 'n loopraam. Hy loop nou nog met 'n kruk. Ons is dankbaar dat jy weer op die been is Herman. Jy moet mooi loop.

Kees Beekman

## Ons belofte van 1986


We, the undersigned, on behalf of all our members hereby undertake to ensure that all makes of cars produced by the late Dr. Carl F.W. Borgward will be maintained to the best of our abilities and that we will inspire our children to carry forward this testimony to our descendants.

Wir, die Unterzeichner, mit Vollmacht aller Mitglieder, versichern hiermit, dass alle Modelle der Fahrzeuge, die von dem verstorbenen Carl F.W.Borgward hergestellt wurden, mit gleichem Standard von uns nach bestem Wissen und Gewissen instandgehalten werden und dass wir unsere Kinder dahingehend beeinflussen, die von uns hier gemachte Aussage auch ueber weitere Generationen aufrechtzuerhalten.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Borgward Owners Club | US of A | Dyck Livant | 17th of May, 1986 (Date) |
| Interessengemeinshaft | Germany | Hartmut Loges | 2.7.1986 (Date) |
| Loydd Freunde Nord | Germany | Ewald Kause | 8.7.1986 (Date) |
| Dansk Borgward Klub | Denmark | Flemming Pedersen | 12/7 1986 (Date) |
| Svenska Borgward Klubben | Sweden | Claes Jäpevall | 860719 (Date) |
| Borgward Club | Austria | Helmut Kröll | 6.8.1986 (Date) |
| Borgward Club of SA | South Africa | Danie du Toit | 13/10/1986 (Date) |

We, the undersigned, on behalf of all our members, hereby undertake to ensure that all makes of cars produced by the late Dr Carl F. W. Borgward will be maintained to the best of our abilities and that we will inspire our children to carry forward this testimony to our descendants.

**<u>Killarney Motorskou 2 November 2025:</u>**

Ek en Lizbe vertrek 6.45 vanaf Malmesbury met vreugde in ons hart om weer ons Borgward familie te sien en om weer die Killarney motorskou by te woon.
Die Borgward loop heerlik en spoedig draai ons van die N7 af, verby die Caltex raffinadery, waar ons regs draai rigting Killarney.
Die verkeer is ‘n nagmerrie,dit beweeg net 2 karre se lengte op ‘n keer.
Na 90 minute in die verkeer kom ons uiteindelik by ons parkeerplek aan.
Al die Borward lede, wat uitstal, se motors is al daar en ons Coupe is die 8 ste een.
Ons groet vir Louis, Piet, Pierre, John en ontmoet die nuwe lid, Sarina.
Ons verwelkom haar by ons klub .
Daar is nog ‘n paar probleme met haar motor, maar ons ou hande sal haar help om hom tip top te kry.
Kees en Osmond het hulle karre al vroeg daar gelos, omdat hulle ander verpligtinge gehad het.






Die 7 motors en die bakkie maak ‘n mooi prentjie en trek baie besoekers se aandag.
Kort-kort is daar iemand wat foto’s neem.
Party mense vra uit en Pierre deel graag inliging met hulle.

Ek en Lizbe, asook die ander lede, het ook na die res van die motorskou se uitstallings gaan kyk.
Daar was ou motors, nuwe motors, omgeboude motors, standaard motors, mooi motors en minder mooi motors.
Daar was ook baie stalletjies, kos en drinkgoed te kus en te keur.

By 4 uur se kant het ons opgepak om huiswaarts te keer.
Die verkeer was nie so besig soos die oggend nie en spoedig was ek en Lizbe terug by die huis.
Nog ‘n motorskou agter die rug en volgende jaar maak ons weer so.

Borgward groete
Deon en Lizbe

**10 November 1890**

Op 10 November het Herman Engelbrecht ons almal op die Borgward W/App groep daaraan herinner dat dit 135 jaar gelede Carl F.W. Borgward se geboortedag was. Herman het die gawe om so 'n boodskap taalkundig pragtig te verwoord, en met sy toestemming plaas ons nou sy boodskap woordeliks in die nuusbrief. Ons wil Herman van harte bedank dat hy hierdie belangrike gebeurtenis onder ons aandag gebring het. Ek dink ons kan ons almal vereenselwig met Japie van Rooyen se bedanking aan Herman vir sy boodskap. Dit lui as volg:

Dankie Herman dat jy ons weereens laat besef watter groot man hy was!Sy nalatenskap kan jy dwarsoor die wêreld waarneem.....Borgward bo.! 👋

Hier volg nou die boodskap wat Herman op die Borgward groep geplaas het:

135 jaar gelede het dit gebeur. Op 10 November 1890 is dr. Carl F.W. Borgward in Altona, Hamburg, Duitsland gebore. Min het mense toe seker kon dink dat dié seuntjie eendag die motorwêreld onherroeplik sou verander. Hy sou direk aanleiding gee tot die stigting van ons klub. Ook werk geslagte van ons lede met toewyding om die betekenis van sy nalatenskap te bevestig. Juis daarom kan ons vandag met oorgawe en dankbaarheid die verjaarsdag vier van een van die heel grootste en veelsydigste motorskeppers van alle tye.

'n Man wat die motorwêreld onvergeetlik vernuwe en verryk het. Nooit was sy dryfkrag die najaag van geld of winste of rykdom nie. Hy is onstuitbaar geïnspireer deur sy strewe na die volmaakte.

Tot vandag kan ons die meesterlikheid van sy werk koester - 'n ligbaken in 'n wêreld waar eenselwigheid en gemiddeldheid die botoon voer.

Nou dink ek weer aan die woorde van die groot motorskrywer, wyle Fred Schnetler, in 'n laaste e-pos aan my in 2005:

"Ek wonder hoeveel mense besef dat die Borgward één mens se idee was van wat 'n motorvoertuig moet wees, soos Bugatti die vergestalting van één man se ideale kar was. En dat hy onherroeplik die heel laaste in sy soort is, want sedert 1961 het regerings wêreldwyd al meer inspraak oor motorontwerp gehad, met die onvermydelike gevolg dat ons nooit weer iets soos die Isabella sal sien nie."

Dit verleen perspektief en diepte en betekenis aan ons werksaamhede en die waarde van ons Borgwardklub.

Herman Engelbrecht



Dr. Carl F.W. Borgward vier nog 'n uitmuntende ontwerpprestasie, die weelderige Borgward Groot Ses (P100), wat onder meer toegerus was met 'n indrukwekkende pneumatiese veerstelsel.

**Borgward Klub van Suid-Afrika**

**Verslag: South Cape Old Car Club Heritage Tour 2025**

**23 – 27 September 2025**

Ons het met trots deelgeneem aan die South Cape Old Car Club Heritage Tour 2025, wat van 23 tot 27 September 2025 plaasgevind het. Hierdie jaar was die roete deur van die mooiste dele van die Wes-Kaap — van die Klein Karoo se ooptes en bergpasse tot die wynlande en kusdorpe van die Overberg.

Ons het hierdie toer voltooi met ons rooi Borgward Isabella Coupé, 'n motor wat soos altyd sy styl, betroubaarheid en karakter getoon het. Van begin tot einde het die Isabella glad geloop, met 'n rit so gemaklik en elegant soos net 'n Borgward dit kan bied.

**Dag 1 – Van George na Barrydale: 'n Kunsvolle Begin**

Die toer het op Dinsdag, 23 September 2025, afgeskop in George. Na registrasie en die verwelkoming van die deelnemers, het ons vertrek na Calitzdorp met ons eerste besoek aan die Calitzdorp Tuinateljee, waar ons 'n heerlike middagete asook die plaaslike kuns, plante en rustige atmosfeer geniet het.




Daarna het die groep verder gery op die bekende Roete 62 — altyd 'n fees vir klassieke motors. Ons het natuurlik by die legendariese Ronnie's Sex Shop gestop, 'n plek wat elke keer vir lag en foto's sorg.




Die pad na Barrydale was prentjiemooi, met volop lenteveldblomme en helder weer.

Teen laatmiddag het ons aangekom by die Barrydale Art Hotel, waar ons die aand in styl afgesluit het met heerlike kos en goeie geselskap. Die Borgward het reeds vroeg in die toer baie aandag getrek van ander deelnemers en toeskouers.

**Dag 2 – ’n Groot Verrassing en Bergpasse**

Woensdagoggend het met ’n groot verrassing begin – Tydens ontbyt ontdek ons dat ons Borgward Isabella Coupé op die voorblad van Die Burger pryk! ’n Foto van die motor in volle glorie het die dagblad se voorblad versier – ’n besonderse oomblik van trots vir ons en vir die Borgward Klub van Suid-Afrika.


NETWERK24
www.netwerk24.com
DIE BURGER
Laat wiel!
'n 1960-model Borgward Isabella (links) en twee veteraan-Mercedes-Benz-motors staan gister in George gereed vir die Suid-Kaapse Oumotorklub se jaarlikse Erfenistoer. Berig en nog 'n foto op bl. 4.
Foto: JACKIE KRUGER

Met ’n breë glimlag het ons die pad gevat deur die pragtige dorp Montagu, met sy historiese geboue en kronkelende bergpaaie.




Middagete is geniet by die Nuy Wynkelder, waar die heerlike kos en plaaslike wyn ’n perfekte kombinasie gevorm het.



Die dag is afgesluit by die Houw Hoek Hotel, die oudste gelisensieerde hotel in Suid-Afrika. Daar is heerlik ontspan en gekuier saam met ander deelnemers. Die Isabella het weereens foutloos geloop — ’n bewys van ware Duitse ingenieursvernuf.

**Dag 3 – Motorgeskiedenis en See-uitsigte**

Donderdagoggend het ons koers gekies na Somerset-Wes vir ’n besoek aan die indrukwekkende Alfa Museum op Lourensford Landgoed. Die versameling klassieke Alfa Romeos was inspirerend en het baie gesprekke ontlok oor die geskiedenis en vakmanskap van motors uit vervloë dae.

Na die besoek het ons ’n pragtige kusroete gevolg — van Gordon’s Bay, oor Boy’s Drive, met panoramiese uitsigte oor die see. Dit was een van die mooiste dele van die hele toer. Middagete is geniet by The Grille Shack, ’n treffende restaurant met ’n duidelike motortema, perfek vir ’n groep klassieke motor-entoesiaste.






Laatmiddag het ons in Hermanus aangekom by die Windsor Hotel, met sy wonderlike uitsig oor die baai. Die aand is rustig afgesluit met ’n stap langs die see en lekker geselskap.




**Dag 4 – Vonkelwyn, Vriendskap en ’n Spoggerige Afskeid**

Op Vrydag, 26 September, het ons die dag afgeskop met ’n sjampanjeproe by Genevieve MCC, in die skilderagtige Hemel-en-Aarde-vallei. Die wynplaas se gasvryheid en fyn vonkelwyne het vir ’n feestelike stemming gesorg.

Middagete het gevolg by La Vierge Wines, met sy asemrowende uitsigte oor die vallei. Daar het ons die plesier gehad om mede-Borgward-lede Johan en Amanda Bruce te ontmoet — ’n spesiale oomblik van samehorigheid binne die Borgward-familie.




Die toer is feestelik afgesluit met ’n aandete by die bekende Bientang’s Cave Restaurant in Hermanus, waar ons by die water se rand gesit het terwyl die branders teen die rotse gebreek het. Dit was ’n magiese afsluiting vir ’n wonderlike toer.

**Slotgedagtes**

Die Borgward Isabella Coupé het deurgaans foutloos geloop — van die warm Karoo-son tot die koel seelug van Hermanus. Sy het weer gewys waarom die Borgward-naam steeds sinoniem is met betroubaarheid, styl en ingenieursuitnemendheid. Oral waar ons gestop het, het mense nadergestap om die motor te bewonder en meer te hoor van sy geskiedenis.


Die South Cape Old Car Club Heritage Tour 2025 was ’n reis gevul met mooi paaie, goeie geselskap en trots op ons motorerfenis. Vir die Borgward Klub van Suid-Afrika was dit ’n groot eer om deel te wees van hierdie besondere gebeurtenis — en om die Borgward-naam weer met waardigheid en trots op die pad te sit.

**Ligter humoristiese oomblikke by Goliath se reklame-afdeling**

Erwin Plog van die Goliath reklame-afdeling, het gereeld maandeliks gesorg vir humoristiese fotojoernalistiese “nou-toe-nou”-oomblikke in dagblaaie as nuwe reklamebenadering om die publieke aandag op Goliathpro-dukte te vestig. Die gevolg was verbluffend: tienduisende afrukke van hierdie foto’s het die rondte gedoen. Op 1 April 1955 het ‘n besondere Goliath GP700 van die monteerband geloop: Twee voorste helftes elk met ‘n stuurwiel, is aanmekaar gesweis. Nou sou dit onnodig wees om soggens in trurat uit die waenhuis te ry. Hierdie grap is nog verder gevoer:  Daar is berig dat hierdie motor se snelheid deur die verkeerspolisie met ‘n radarsnelheidsapparaat gemeet sou word. Die berig was ‘n sensasie! Opspraak oor die bestaan van so ‘n spoedmeetapparaat was geweldig.

Die sg. radarapparaat wat vir die berig gefotografeer is, het bestaan uit ‘n verkeersman met ‘n doodgewone kamera flitslig in sy linkerhand en aan die ander end ‘n verkeersman met ‘n gewone toereteller in ‘n omhulsel in sy regterhand. Hierdie Aprilgrap het in talle Duitse dagblaaie as ‘n ware verslag verskyn, terwyl daar op daardie tydstip nog nêrens iets soos ‘n radarspoedapparaat bestaan het nie! Die berig het egter die aandag deeglik gevestig op die unieke tweegesig Goliath.

Op pad werk toe, bemerk Erwin Plog ‘n werker wat na inspeksie van die ondergrondse stormwaterpype, by die mangat uitloer. Hy snap onmiddellik die trefkrag van so ‘n foto.  Grusaam lyk die kop van ‘n man op straatvlak terwyl ’n Goliath Expressbussie op hom afpeil.  Weer ‘n treffende “nou toe nou!” -foto wat die kalklig op ‘n Goliathproduk laat val.




Tweegesig Goliath




Afkopman in die straat en ‘n Goliath Expressbussie

In Mei 1955 is ‘n fotoberig geplaas van ‘n splinternuwe blitsige viersitplek Borgward sportreismotor, wat snags op die Autobahn opgemerk is. Die futuristiese vaartbelynde aluminiumbakwerk met groot stabiliseervlerke is as proefmodel ontwerp en gebou deur ingenieur Erich Übelacker. Dit het sterk getrek na tipiese Amerikaanse proefmodelle wat waarskynlik die inspirasie was. Die hoë vlerke agter op die motor, sou dit teen hoë snelheid stabiliseer vir goeie padhouvermoë. Foto’s van hierdie opspraakwekkende motor het groot nuuskierigheid aangewakker, maar navrae oor spesifikasies het onbeantwoord gebly. Nuwe materiale is getoets vir gewigs-besparing en beter versnelling. Ongelukkig is die motor na ‘n botsing teen ‘n boom afgeskryf, maar die twee insittendes, ingenieur Erich Übelacker en bestuurder Fritz Hattesohl, het onbeseerd oorleef.



Übelacker se Droommotor





Űbelacker se Droommotor


Die Borgward Bechem Sportrenmotor:

Hierdie motor is in 1954 deur ingenieur Erich Übelacker ontwerp, uit glasvesel vervaardig en op ‘n Borgward RS onderstel gemonteer. Aangedryf deur ‘n 110 pk (82 kW) brandstofinspuitingenjin het dit meer as 200km/h gehaal. Met hierdie motor het Karl Günther Bechem aan verskeie wedrenne deelgeneem. Na ‘n ongeluk op Nürburgring het dit ongelukkig uitgebrand. Die foto’s is in 1955 geneem tydens wedrenne op Nürburgring. Dit is gebou op ‘n RS renmotor se onderstel met ‘n De Dion agteras. Dit het ‘n verwyderbare glasvesel hardekap gehad met deure van die meeuvlerk-tipe. Omdat die Borgward-renjaer Karl Günther Bechem met hierdie motor aan verskeie wedrenne deelgeneem het, is dit na hom vernoem as die Bechem Sportwagen.

Enjinspesifikasies: 4M 1,5 II RS: Boor: 72 mm; slag: 92 mm: verhouding boor/slag: 1,28; verplasing: 1498 k.s.; kraglewering: 113 pk @ 6000 omwentelinge; drukverhouding: 1:9,8; silinderkop: sferies; direkte brandstof-. inspuiting; hangende kleppe; klepaandrywing: stootstang en tuimelaars; nokas: syligging aangedryf deur agterliggende rat; enkelvoudige ontsteking.







Met dank aan Hendrik Strydom

Interessante inligting oor Lloyd enjins.  Met dank aan Hendrik Strydom.

LLOYD MOTOREN
WERKE G·M·B·H BREMEN

Aandag Alle Lloyd-entoesiaste:     Splinternuwe Lloyd 400 enjins beskikbaar by Ulrich Kotte @ 1600 Euro. Telefoon 0163 7977800 of by Ulrich .kotte@t-online,de (M). Foto's toon gebruik in sneeumobiel, lugkussingboot, mikroligte vliegtuig en rotor-hommeltuig.





**Fabrikneuer Lloyd-Motor zu verkaufen**

Neuer 400 Lloyd-Motor einsetzbar unter anderem als Flugmotor, Schneemobilmotor. Preis: 1600 Euro. Ulrich Kotte Telefon: 0163 7977800 oder ulrich.kotte@t-online.de (M)

*Linke Spalte: Einsatz im Schneemobil (oben), im Luftkissenboot (Mitte) und im Ultra-Light-Flugzeug.*

*Unten: Ulrich Kottes Lloyd-Motor.*












Lloyd Motor in Hubschrauber-Drohne.

## Om oor na te dink (16)



1. Jy kan liewer een nag daaroor slaap oor wat jy wil doen, as om wakker te lê oor wat jy gedoen het.
2. Gister se sop is altyd lekkerder.
3. Jy ontmoet mense met 'n rede– hulle is òf 'n seën òf 'n les.
4. 'n Doel sonder 'n plan is maar net 'n wens.
5. As iets slaag, is dit deur jou toedoen. As iets misluk, is dit deur iemand anders se toedoen.
6. Wanneer was die laaste keer dat jy iets vir die eerste keer gedoen het?
7. Ek het geleer om nee te sê. Is jy lus vir 'n glas wyn? Nee, maak dit sommer twee!
8. As ek geweet het hoe oulik kleinkinders is, sou ek hulle eerste wou gehad het.
9. Ek het nie alles waarvan ek hou nie, maar ek hou wel van alles wat ek het.
10. Ja maar, is nee.

Kees Beekman

## Uit die oog, uit die hart ….. ??

Ja ons ken almal die bekende spreekwoord wat lui: "Uit die oog, uit die hart." Dit beteken as iemand weg is, word hy gou vergeet. Dit is eintlik nie 'n mooi spreekwoord nie, maar tog dikwels waar. By ons klub mag dit nooit waar word nie! Daar is 'n hele paar lede of gewese lede wat om verskillende redes nie meer ons vergaderings of uitstappies kan bywoon nie. Die redes is meesal te wyte aan ouderdom, wat dikwels gepaardgaan met lewenskragte wat afneem, asook pyn wat die mobiliteit beïnvloed. Soms raak die afstand ook 'n probleem en wil hulle nie meer in die donker ry nie.

In hulle jonger dae was hulle almal aktiewe en meelewende lede van die klub, en het elkeen op sy of haar manier baie gedoen vir die klub se voortbestaan. Daarvoor kan ons hulle nooit genoeg bedank nie. Ons hoop dat al die herinneringe aan die vervloë dae, asook die kwartaallikse nuusbrief wat hulle nog steeds kry, vir hulle nog sal laat deel voel van diè klub wat vir baie jare vir hulle 'n bron van vreugde was. Mag die belofte van Jesaja 46:4 vir hulle bemoedig en krag gee vir die pad wat voorlê: "Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red."

Ons dra hierdie skrywe op aan die volgende persone: Laurie en Helmine Claassen, Basie en Marietta Geldenhuys, Herman en Renè Engelbrecht, asook Hector en Ria Horne. Dan wil ons dit ook graag opdra aan Thys Botha, wat jare lank lid was van die Noordelike tak van die Borgward klub en ook 'n aantal jare voorsitter van die klub was. Hy is nog steeds 'n Borgward entoesias en bly al byna 3 jaar in die ouetehuis in Riebeek-Wes.

Daar is baie van ons ouer lede, "Tagtig plussers", wat nog nie uit die oog is nie en nog geseënd is om aktiewe lede te wees. Hulle was nog jong manne wat kort na die klub se stigting lid geword het, en ongelooflik baie gedoen het om seker te maak dat die klub van krag tot krag gaan. Sommige van hulle worstel ook al met allerlei probleme wat met die ouderdom saamkom. Elke woord van hierdie skrywe, asook die bemoediging, word ook aan hulle opgedra, en ons hoop dat daar nog mooi klubjare vir hulle mag voorlê.

Kees Beekman

**Nuusbrief Redaksie:**

**Kees Beekman (082 579 0527)** – beekman@cosmoprop.co.za

**Louis v Jaarsveld (083 687 8486** – Lvjaarsveld@mweb.co.za